# DIE PAD VANAF MITZRAYIM (Egipte)
# NA
# YERUSHALAYIM (Jerusalem)

Die eerste stad wat Josua en die Volk moes inneem nadat hulle die Jordaan oorgesteek het, was **Jerigo**. Hierdie geskiedkundige feit het enorme spirituele betekenis vir ons vandag.

Jerigo was die belangrikste stad in die Jordaanvallei (Num. 22:1, Num. 34:15) as die sterkste vesting, omdat dit omhein was met 'n baie dik muur, so dik dat huise bo-op die muur gebou was.

Jerigo beteken "Plek van Geur" of ook "Sy Aroma". Die baie warm klimaat van die Jordaanvallei en die water het Jerigo 'n "Plek van tuine" gemaak, daarom is dit genoem die "Plek van Geur". Dit word ook in Deut. 34:3 die "Palmstad" genoem.

Dit was en is die laagste stad benede seespieël wat kontrasterend is met Jerusalem wat op berge gebou is en so te sê 'n 1 000 meter hoër geleë is. Jerigo was geleë oorkant die plek van waar Josua en die Volk die Jordaan oorgesteek het (Jos. 3:16). Elisa se fontein was ook in daardie omgewing (2 Kon. 2:19 – 22).

Ons kyk eers na die wegspringpunt van die reis op pad na die Beloofde Land waarvan Jerusalem die kern is, m.a.w. vanaf Egipte na Jerusalem.

**<u>Vanaf Mitzrayim na Yerushalayim</u>**

Die reis begin in Egipte. Die profetiese bloed van die lammetjie aan die deurposte toe hulle in Egipte was, is baie jare later vervul in Jerusalem toe JaHUsha as die Lam van Elohiem dààr gesterf het.

Ons geestelike reis is ook vanaf 'n Egipte na 'n Jerusalem, daarom die ooreenkoms in die Hebreeuse name van Egipte en Jerusalem. Die Hebreeuse woord vir Egipte is "Mitzrayim".

Die uitgange van beide "Mitzr**ayim**" en "Yerushal**ayim**" is "-ayim". Dit is die grammatikale "dual"-uitgang in Hebreeus, wat aandui dat iets "dubbeld" is, bv. .....

> As in previous periods, the dual marker in Modern Hebrew is the ending ־יים *-áyim*, which indicates the component 'two'. It occurs in newly formed common nouns like מספריים*misparayim* '**<u>scissors</u>**', מכנסיים*mix̱nasayim* '**<u>trousers'</u>**, משקפיים*mišqafayim* '(eye) **<u>glasses</u>**', אופניים*ʾofanayim* '**<u>bicycle</u>**'. Many of these newly formed nouns are *pluralia tantum*, some of which are formed in *miCCaCayim* pattern. A few place names are also formed in the same way, e.g., גבעתיים*givʿatayim* '(having) **two <u>hills</u>**', בארותיים*beʾerotayim* '(having) **two wells'**, as in the past (Schwarzwald 1996)

Die uitgange van die name "Mitzr**ayim**" en "Yerushal**ayim**" dui dus aan dat dit plekke is wat tweeledig is, omdat daar 'n aardse Egipte en Jerusalem sowel as 'n geestelike Egipte en Jerusalem is.

**<u>Egipte</u>**

Geestelike Egipte/Mitzrayim is vandag ons werklikheid terwyl ons in hierdie wêreld in ons fisiese

liggame is. “ Mitzrayim” is eintlik ‘n sisteem. Dis ‘n wêreldse Sisteem wat opereer soos toe die Israeliete die slawe van Farao was en hulle stede vir hom gebou het wat sy koninkryk uitgebrei het, terwyl hulle ook grotendeels die godsdiens van Egipte beoefen het soos mens kon sien toe hulle die Goue Kalf gemaak het.

Dit behels dus vir ons vandag die beheer van die Monetêre, die Politiese en die Religieuse aspekte en mense word as slawe gehou net omdat hulle moet kos hê om te kan eet.

Dit was ook duidelik in daardie tyd toe daar hongersnood was, maar Josef/JaHUsef het koring opgeberg in Egipte en soos wat hy die “staat” bestuur het, het hy naderhand al die geld en grond van die inwoners gehad in ruil vir koring vir hulle om van te lewe. Dit is die sisteem. Die fokus val nie nou hier op Josef en wat hy simboliseer nie, maar op die Sisteem, naamlik die beheer van grond en dus ook van voedsel wat dan in die hande van die staat kom.

Egipte se **piramides** is simbolies van die **sisteem van ‘n Mitzrayim**. Farao/Satan is aan die bopunt om al die welvaart en mag aan homself toe te eien en dan volg die hiërargie van ondergeskiktes in sy diens om die massas op die grondvlak te mobiliseer en te beheer tot die uitbouing van sy koninkryk, wat die fisiese wêreld van vandag behels, daarom is dit so belangrik om ‘n fisiese “Israel” te kan uitwys daar in die Midde-ooste, saam met die fisiese Jerusalem wat daarmee saamgaan. Romeine 12 noem dit “hierdie wêreld”.

> Rom 12:2 En word nie aan **hierdie wêreld** gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed *(mind)*, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van Elohiem is.

Farao is ‘n tipe van Satan en Egipte/Mitzrayim verteenwoordig sy sisteem op die aarde as sy gebied omdat hy die god van hierdie wêreld is (2 Kor. 4:4). Deur ons beroepe te beoefen in hierdie wêreld maak ons as’t ware stene vir sy koninkryk, sy piramide, met die Elite aan die bopunt net onderkant Satan, net om elke dag kos op die tafel te kan sit, want deur die Nuwe Wêreldorde se politieke en monetêre beheer is dit hoe die sisteem opereer.

Deur ‘n godsdienstige houvas word mense ook verder gemobiliseer om baie subtiel mislei te word om sodoende ook hierdie aardse Mitzrayim as koninkryk van Satan uit te bou. Vir elke nasie is die godsdientige misleiding in ‘n vorm wat vir hulle aanvaarbaar is, soos wat dit vir die Christendom gekom het eers as ‘n Songodsdiens en toe word die reuse eindtydse misleiding van die Zionistiese Hebreeuse wortels ingespan vir die laaste gedeelte van die pad. Die Hoervrou van Babilon trek net elke keer ‘n ander rok aan, maar dis steeds Babilon, of dit nou die Nuwe era godsdiens (New Age) of Hinduïsme of Islam of Satanisme, of die godsdienste van die verskillende Afrikastamme, of Judaïsme of wat ook al is .... alles is maar die verskillende rokkies vir die Hoervrou van Babilon.


Die Piramide as simbool van Mitzrayim ....



Illustrasies sê meer as wat met woorde kan verduidelik.




Hoe lyk die Mitzrayim van vandag waar ons pad begin?




Vervolgens moet ons kyk na die ander "-ayim" naamlik Yerushal**ayim**, want ons geestelike reis is vanaf Mitzrayim na Yerushalayim. Genadiglik het ons 'n vooruitsig om vanuit hierdie Egipte te kom met die Nuwe Jerusalem as ons eindbestemming.

Dis soos wat Gosen in daardie tyd vir Josef se familie was. Volgens Ex. 8:22 – 23 het net die eerste paar plae oor die hele Egipte gekom, daarna was hulle wat in Gosen was beskerm teen verdere plae. Gosen beteken "to draw near". Dit verteenwoordig die Hemelse Koninkryk wat "naby" gekom het (Matt. 3:2, Matt. 10:7).

As ons aan JaHUsha se familie behoort sal die Nuwe Jerusalem as ons "Gosen" ook vir ons skuiling kan bied teen die hewigste plae in Openbaring, al sal ons ander aanvanklik meemaak.

**<u>Jerusalem</u>**

Jerusalem of Yerushal**ayim** is dus ook tweeledig, naamlik die Aardse Jerusalem en die Nuwe Jerusalem

van daarbo.

Ons weet dat die geskiedenis vir ons opgeskryf is sodat ons die geestelike sy kan verstaan.

> 1 Kor 10:11  Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.

> Rom 15:4  Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.

Die volk het vanuit Egipte gekom om na die Beloofde Land te gaan, waar die fokus Jerualem is, waar vanuit die Torah alreeds aangedui is dat JaHUaH Sy Naam daar sal vestig, hoewel die plek nie by die naam genoem is nie.  Dit was waar vir fisiese Jerusalem en is nou waar vir geestelike Jerusalem.

> Deut 12:5  maar die plek wat JaHUaH julle Elohiem uit al julle stamme sal uitkies om sy Naam daar te vestig om daar te woon, moet julle opsoek en daarheen moet jy kom.
>
> Deut 12:6  En daarheen moet julle jul brandoffers bring en julle slagoffers en julle tiendes en die offergawe van julle hand en julle gelofte— en julle vrywillige offers en die eersgeborenes van julle beeste en van julle kleinvee.

Dat Hy Sy Naam m.b.t. Jerusalem sal vestig, word herhaaldelik in die O.T. aangedui.  Jerusalem is o.a. gebou op die berg Sion, hoewel ons Sion geestelik is.

> Ps 102:22  sodat hulle in **Sion** die Naam van JaHUaH kan vermeld en sy lof in **Jerusalem**,

> 2 Kron 6:6  Maar Ek het **Jerusalem** verkies, dat **my Naam** daar sou wees, en Ek het Dawid verkies om oor my volk Israel te wees.

> 1 Kon 11:36  en aan sy seun sal Ek een stam gee, sodat my kneg Dawid altyd ‘n lamp kan hê voor my aangesig in **Jerusalem**, die stad wat Ek vir My verkies het om **my Naam daar te vestig**;

> Dan 9:19  Meester, hoor! Meester, vergeef! Meester, merk op en doen dit, vertoef tog nie, om U ontwil, my Elohiem; want **u Naam is oor u stad** en u volk uitgeroep.

> Heb 12:22  Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende Elohiem, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele,
>
> Heb 12:23  by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by Elohiem, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges,

Dat Hy Sy Naam daar vestig, kom mooi na vore as ons Jerusalem/Yerushalayim vry kan spel as: “<u>YaH</u>rushalayim”.   Dit immers die woonplek van JaHUaH.

Jeru-Salem ... Salem is afkomstig vanaf “shalom” wat ons ken as “vrede” maar H7965 “shalom”, kom

vanaf die wortelwoord H7999 "shalam" wat o.a. beteken:

> *"to be safe, to be completed, end, finish, full, give again, make good, peace, that is perfect, prosper, recompence restore, reward"*

Dit is begrippe wat ons sal assosieer met die Hemel as ons verlangde eindbestemming, ons geestelike Beloofde Land, die einde van ons pelgrimsreis deur hierdie wêreld.

> Open 3:12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my Elohiem maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom **die Naam van my Elohiem skrywe** en die **naam van die stad van my Elohiem**, van die **nuwe Jerusalem**, wat <u>uit die hemel</u> van my Elohiem neerdaal, en **my nuwe Naam**.

> Open 21:2 En ek, Johannes, het die afgesonderde stad, die **nuwe Jerusalem**, sien neerdaal van Elohiem **uit die hemel**, toeberei **soos 'n bruid** wat vir haar man versier is.

*(In die "BETABARA VAN JERUSALEM" het ons gesien hoedat Jerusalem vanaf die aardse na die hemelse oorgegaan het, of ge-"transfer" is, na die Nuwe Jerusalem toe JaHUsha opgevaar het en die Gees daarna uitgestort is op die dissipels wat juis daar in die aardse Jerusalem moes wag op diè transformasie. Daarom is die plek waar JaHUaH se naam is nou die Vrye en Geestelike Nuwe Jerusalem van daarbo .... terwyl Aardse Jerusalem Sodom en Egipte is en kinders baar vir die slawerny, vergelyk Gal. 4:22 -31, Open. 11:8.)*

"Jerusalem" se laaste gedeelte, naamlik "Salem" is verder belangrik. "Salem" het 'n anker in die Torah waar dit gekoppel word aan Melgisèdek wat dui op JaHUsha as ons MelekTzadek, ons Koning van Geregtigheid.

> Gen 14:18 En Melgisédek, die koning van **Salem**, wat 'n priester van Elohiem, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring

Salem/Shalem/Shalom konnekteer nie net aan Jeru<u>Salem</u> nie, maar dis ook deurgetrek na die Nuwe Testament in Joh. 19:30 toe JaHUsha uitgeroep het: "Dit is <u>volbring</u>". "Volbring" is die <u>Griekse</u> woord "**Teleò**" (G5055) wat beteken:

> "*to end, that is, complete, execute, conclude, discharge a debt, accomplish, make an end, expire, fill up, finish, go over, pay, perform*".

Dit klink baie soos die betekenis van "shalom" hierbo, net soos die woordjie wat in Heb. 7:28 gebruik word net hier onder, naamlik "die Seun wat <u>volmaak</u> is", wat G5048 "**Teleioò**" is, wat beteken:

> "*to complete, that is, accomplish, consummate, consecrate, finish, fulfull, perfect*".

So het die "*Salem*" van Gen. 14:18 gemanifesteer in "*Dit is **volbring***" en die "*Seun wat **volmaak** is*", want JaHUsha het uiteindelik gekom as die Koning van Geregtigheid (MelekTzadek) waarvan Gen. 14:18 profeties was, om vir ons die Shalom van die "Nuwe Jerusalem daarbo" binne ons bereik te bring, deur vir ons Sy lewe af te lê as Lam van Elohiem.

Heb 7:1  Want **hierdie Melgisédek was koning van Salem**, priester van Elohiem, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het;

Heb 7:2  aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede;

Heb 7:3  **sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van Elohiem, bly hy priester altyddeur**.

Heb 7:4  Let nou op **hoe groot hierdie man was**, aan wie selfs Abraham, die aartsvader, 'n tiende van die buit gegee het.

Heb 7:5  Nou het hulle wat uit die seuns van **Levi** die priesterskap ontvang, wel 'n gebod om, volgens die wet, van die volk tiendes te neem, dit is van hulle broers, ofskoon hulle uit die lendene van Abraham voortgekom het;

Heb 7:6  maar **Hy wat nie uit húlle sy geslagsregister aflei nie,** het van Abraham tiendes geneem en **die besitter van die beloftes geseën**.

Heb 7:7  Nou word sonder enige teëspraak **die mindere deur die meerdere geseën**.

Heb 7:8  En hier neem wel sterflike mense tiendes, maar dáár een **van wie getuig word dat Hy lewe.**

Heb 7:9  En, om so te sê, het **ook Levi** wat tiendes ontvang, **deur Abraham tiendes gegee**;

Heb 7:10  want **hy was nog in die lendene van sy vader** toe Melgisédek hom tegemoetgegaan het.

Heb 7:11  As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was—want met die oog daarop het die volk die wet ontvang—waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan **volgens die orde van Melgisédek** en dat hy dit **nie volgens die orde van Aäron** genoem word nie?

Heb 7:12  Want <u>met verandering van die priesterskap</u> kom daar noodsaaklik **ook** <u>verandering van wet</u>;

Heb 7:13  omdat Hy met die oog op wie hierdie dinge gesê word, aan 'n ander stam behoort het waaruit niemand die altaar bedien het nie.

Heb 7:14  Want dit is volkome duidelik dat onse Meester uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.

Heb 7:15  En nog baie duideliker is dit as daar 'n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek,

Heb 7:16  een wat dit geword het nie kragtens die wet van 'n vleeslike gebod nie, maar uit die krag van die onvernietigbare lewe.

Heb 7:17  **Want Hy getuig**: <u>U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek</u>.

Heb 7:18  Want aan die een kant is daar die opheffing van die voorafgaande gebod weens die swakheid en nutteloosheid daarvan,

Heb 7:19  omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot Elohiem nader.

Heb 7:20  En vir sover dit **nie sonder eedswering was nie**—want húlle het sonder eedswering priesters geword,

Heb 7:21  maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: JaHUaH het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek—

Heb 7:22 in sover het JaHUsha van ‘n **beter verbond** borg geword.

Heb 7:23 En hulle het wel priesters geword in ‘n groot aantal, omdat hulle deur **die dood verhinder is** om aan te bly;

Heb 7:24 maar **Hy, omdat Hy vir ewig bly**, besit ‘n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie.

Heb 7:25 **Daarom** kan Hy ook **volkome red** die wat deur Hom tot Elohiem gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

Heb 7:26 Want so ‘n Hoëpriester was vir ons gepas, een wat afgesonder, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en **wat hoër as die hemele geword het**;

Heb 7:27 wat **nie** elke dag **nodig het**, soos die hoëpriesters, om **eers vir sy eie sondes offers te bring** en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen **toe Hy Homself geoffer het**.

Heb 7:28 Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, **stel die Seun aan**, wat vir ewig volmaak is.

“*Wat vir ewig volmaak is*” ... vergelyk met “*wat vir ewig Shalom of Salem*” is. JaHUsha is dan die “Melgisèdek die koning van **Salem**, wat ‘n priester van Elohiem, die Allerhoogste was”, Gen. 14:18.

Behalwe die berg Sion, is Jerusalem o.a. ook gebou op die berg Moriah of MoriJaH. “Morê” is ‘n leraar of onderwyser en “Mori” is “my onderwyser”. JaH is dus “my Leraar”, want in Gen. 22 moes AbraHam vir Isak op die berg Moria gaan offer en JaHUaH het self die Lam voorsien (Gen. 22:8, 14), net soos met JaHUsha.

Maar MoriJaH beteken ook “Gesien deur JaH” of “JaH voorsien”. Dis die plek waar JaHUaH voorsien het.

Gen 22:14 En Abraham het dié plek genoem: **JaHUaH sal voorsien**! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van JaHUaH sal dit voorsien word.

JaHUaH het voorsien ...

Joh 1:29 Die volgende dag sien Johannes JaHUsha na hom toe kom, en hy sê: **Dáár is die Lam van Elohiem** wat die sonde van die wêreld wegneem!

JaHUsha het self gesê ...

Joh 8:56 **Abraham**, julle vader, het hom verheug **dat hy my dag sou sien**; en hy het dit gesien en het hom verbly.

AbraHam het nie net JaHUsha se dag gesien nie, maar ook het hy gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as ‘n erfenis sou ontvang (Heb. 11:8), want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan Elohiem die boumeester en oprigter is (Heb. 11:10). Hy het geweet dit gaan nie net oor ‘n belofte vir ‘n fisiese woonplek nie, maar dat daar ‘n Hemelse ekwivalent is en dis waarna hulle gehunker het (Heb. 11:13) en dàardie belofte het hulle nie verkry nie, sê Heb. 11:39 – 40.

Heb 11:13  In die geloof het hulle almal gesterwe **sonder om die beloftes te verkry**, maar hulle het dit **uit die verte gesien en geglo en begroet**, en het bely dat **hulle vreemdelinge en bywoners** <u>op aarde was</u>.


Heb 11:39  En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, **het hulle die belofte nie verkry nie**,

Heb 11:40  omdat Elohiem **iets beters** oor ons beskik het, **sodat hulle nie sonder ons** <u>volmaak</u> sou word nie.

Salomo se tempel is op die berg Moria gebou, 2 Kron. 3:1.

2 Kron 3:1  En Salomo het **die huis van JaHUaH begin bou** in Jerusalem **op die berg Moría** waar Hy aan sy vader Dawid verskyn het, op die plek wat Dawid reggemaak het op die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet.

Terwyl Satan se simbool dan die Piramide is, is diè van die Nuwe Jerusalem, die stad wat AbraHam verwag het, 'n Kubus (Open. 21:16), soos wat die vorm van die Allerheiligste was wat simbolies die woonplek van JaHUaH uitgebeeld het.



Maar ....

Daar was 'n **gordyn** wat skeiding gemaak het tussen die Allerheiligste en die res van die Tabernakel. Dat daardie gordyn geskeur het, kom ooreen met die **Mure van Jerigo** wat eers moes val voordat hulle hierdie stad kon inneem wat **die eerste Sleutel** was tot die opening van die Beloofde Land.  Hulle sou nie kon verder gaan as Jerigo se mure nie geval het nie.

Dit kom ooreen met die Geestelike Skeidsmuur waarvan Jes. 59:1 – 2 praat en ook Ef. 2:11 – 22.

Jes. 59:1  Kyk, die hand van JaHUaH is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie;

Jes 59:2  maar julle ongeregtighede het 'n **skeidsmuur** geword tussen julle en julle Elohiem, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.

Ef. 2:14  Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die **<u>middelmuur van skeiding</u>** afgebreek het

**<u>Die Muur van Jerigo en die Skeidsmuur van Sonde</u>**

Die voorhangsel is 'n afskorting wat die Mens simbolies geskei het van die "Hemel".

Ex. 26:33  "En jy moet die voorhangsel onder die hakies ophang;  en bring die ark van die Getuienis daar, **binnekant die voorhangsel**.  En die voorhangsel moet vir julle '**n skeiding maak** tussen die Heilige en die Allerheiligste."

Die Allerheiligste was die area in die Tabernakel waar JaHUaH op die Versoendeksel in 'n wolk verskyn het.  Dit was simbolies van die Hemel, Sy ware woonplek.

Die hemel is ook vir ons die "hoop wat voorlê" (Heb. 6:18) waaraan ons moet vashou en dis geanker tot "binnekant die voorhangsel waar JaHUsha voor ons daar ingegaan het as Hoëpriester" (Heb. 4:14 – 16).  (Ongeloof kan ons ontneem van die Hemel as die "Hoop wat vir ons voorlê", Heb. 3:19.)

Heb. 6:12 – 20  "sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is.
Want toe Elohiem aan AbraHam die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer en gesê:  Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder.  En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het.
Want mense sweer by een wat meer is, en die eed van bevestiging is vir hulle die einde van alle teëspraak.
Daarom het Elohiem, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg;  sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat Elohiem sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, <u>om vas te hou aan die hoop wat voorlê</u>;  en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en **ingaan tot binnekant die voorhangsel** waar JaHUsha as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisèdek 'n hoëpriester geword het vir ewig."

"Binnekant die voorhangsel" (within the veil) ... dis dieselfde woorde wat in Ex. 26:33 en in Lev. 16:12, 15  gebruik word en daarom is daar geen onduidelikheid oor watter gordyn van die Tempel dit was wat geskeur het toe JaHUsha gesterf het nie.  **Dis NIE die buitekantste gordyn soos sekere predikers beweer nie.**

Lev. 16:12  "en die vuurpan vol gloeiende kole van die altaar voor die aangesig van JaHUaH wegneem; daarby twee handevol fyngestampte reukwerk van speserye en dit **binnekant die voorhangsel** bring."

Lev. 16:15  "Dan moet hy die sondofferbok slag wat vir die volk bedoel is, en sy bloed **binnekant die voorhangsel** bring en met sy bloed doen soos hy met die bloed van die bul gedoen het: hy moet dit sprinkel op die versoendeksel en voor die versoendeksel."

Hoewel ons ons tans in aardse liggame bevind, sit ons geestelik ook saam met JaHUsha … **waar Hy sit.**

> Ef. 2:4 – 7  Maar Elohiem, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Messias—uit genade is julle gered— en saam opgewek en **saam laat sit in die hemele in Messias JaHUsha**, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Messias JaHUsha.

Dit is wat "ons het as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel waar JaHUsha as voorloper vir ons ingegaan het".  Nà die aflegging van ons liggame as aardse tentwonings, is ons eindbestemming die Hemel, die Nuwe Jerusalem.

Die Nuwe Jerusalem is 'n kubus, net soos wat die Allerheiligste se afmetings diè van 'n kubus is.  Dit is "die woning van Elohiem in die Gees", Ef. 2:22.

Terloops, Salomo se tempel was 30 el hoog (1 Kon. 6:2), maar Herodus het die hoogte vermeerder na 40 el volgens Josefus, die Joodse historikus van die eerste eeu.

**<u>Die Gordyn was 'n Sondeskeidsmuur</u>**

Gedurende die leeftyd van JaHUsha was die tempel in Jerusalem die middelpunt van die Jood se godsdienstige lewe.  Die tempel was die plek waar diere-offers uitgevoer is en waar daar baie getrou aanbid is volgens die Torah van Moses.

'n Gordyn in die Tempel het die Allerheiligste (die woonplek van Elohiem se teenwoordigheid), afgeskei van die res van die Tempel waar mense "gewoon" het, Heb. 9:1 – 9.

Die gordyn was 'n aanduiding dat die mens van Elohiem afgeskei is deur sonde, Jes. 59:1 – 2.

> "Kyk, die hand van JaHUaH is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie;  maar julle ongeregtighede het 'n **<u>skeidsmuur</u>** geword tussen julle en julle Elohiem, en julle sondes het *sy* aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie."


Net die hoëpriester was toegelaat om na die anderkant van hierdie gordyn te gaan, slegs een maal per jaar (Ex. 30:10, Heb. 9:7), om in die teenwoordigheid van Elohiem te kom en die hele Israel te verteenwoordig, en sodoende versoening te doen vir hulle sondes (Lev. 16).

JaHUsha neem ons sondes op Hom (Jes. 53:5 – 6) en so word die Skeidsmuur van Sonde in en deur Sy liggaam afgebreek (geskeur), sodat ons nou toegang kan hê tot die Mees Afgesonderde Plek waar Elohiem woon.

> Heb. 6:19 – 20  "en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot <u>binnekant die voorhangsel</u> **waar JaHUsha as voorloper vir ons ingegaan het**, Hy wat volgens die orde van Melgisèdek 'n hoëpriester geword het vir ewig".

Die boek van Eksodus leer dat hierdie dik gordyn gemaak was van blou, pers en rooi (scarlet) materiaal en fyn gedraaide linne.  Die grootte en dikte van die gordyn maak die gebeure met die dood van JaHUsha nog merkwaardiger.

> Matt. 27:50 - 51a  "Daarop het JaHUsha weer met 'n groot stem geroep en die gees gegee.  En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder …"






**<u>Die simboliek daarin vir ons vandag</u>**

Eerstens simboliseer dit vir ons JaHUsha se offer, Sy eie bloed wat gestort is, wat 'n versoening vir ons sondes is.

Dit dui ook vir ons aan dat die weg nou oop is om in die Allerheiligste te kan ingaan, en dis oop vir alle mense, en vir alle tye, beide vir die Jood en die gelowiges uit die Nasies (Ef. 2, Rom. 1:16).

> Ef. 2:11 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word,
> Ef. 2:12 dat julle in dié tyd sonder Messias was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder Elohiem in die wêreld.
> Ef. 2:13 Maar nou **in Messias JaHUsha** het julle wat vroeër ver was, naby gekom **deur die bloed van Messias**.
> Ef. 2:14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die **<u>middelmuur van skeiding</u>** afgebreek het
> Ef. 2:15 deurdat **Hy in sy vlees** die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep
> Ef. 2:16 en albei in een liggaam met Elohiem kon versoen deur die folterpaal, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.
> Ef. 2:17 En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was;
> Ef. 2:18 want **deur Hom** het ons albei die **toegang** deur een Gees tot die Vader.
> Ef. 2:19 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die afgesonderdes en huisgenote van Elohiem,
> Ef. 2:20 gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl JaHUsha Messias self die hoeksteen is,
> Ef. 2:21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n afgesonderde tempel in JaHUaH,
> Ef. 2:22 in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van Elohiem in die Gees.

Toe JaHUsha gesterf het en die gordyn geskeur is, het JaHUaH uit daardie Allerheiligste uit beweeg om **<u>nooit weer</u>** in tempels te woon wat met mensehande gemaak is nie (Hand. 17:24).

Hy was klaar met daardie tempel sowel as met die godsdienstige sisteem van die Levitiese orde wat daarmee gepaard gegaan het, en die tempel en Jerusalem is "woes" gelaat (deur die Romeine in 70 na Messias, wat JaHUaH se toelating was) net soos wat JaHUsha geprofeteer het in Luk. 13:35.

> Luk 13:33  Maar Ek moet vandag en môre en die volgende dag verder gaan, want dit kan nie gebeur dat 'n profeet **buitekant Jerusalem** omkom nie.
>
> Luk 13:34  **Jerusalem, Jerusalem**, jy wat **die profete doodmaak** en die wat na jou gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en **julle wou nie**.
>
> Luk 13:35  Kyk, **julle huis word vir julle woes gelaat**. Voorwaar Ek sê vir julle dat julle My sekerlik nie sal sien nie totdat die dag kom wanneer julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van JaHUaH!

Solank as wat die Tempel daar was, het dit aangedui dat die Ou orde naby aan die verdwyning was.

> Heb. 8:13  "As Hy sê 'n nuwe *verbond*, het Hy die eerste oud gemaak;  en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning."

Die gordyn was ook **simbolies van Messias self** (soos alles in die Tabernakel), as die enigste weg na die Vader (Joh. 14:6).  Dit kan gesien word aan die feit dat die hoëpriester die Allerheiligste moes ingaan DEUR die gordyn.

> Joh. 14:6  JaHUsha antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe **deur** My nie.

Nou is JaHUsha ons groot Hoëpriester, en as gelowiges in die voltooide werk van JaHUsha, is ons deel van die "beter" priesterskap, naamlik die Melgisèdekorde (Heb. 6:20, Heb. 8:6, 1 Pet. 2:9).

Ons kan nou die Allerheiligste ingaan **DEUR** Hom (soos daar DEUR die gordyn beweeg is).  Heb. 10:19 – 20 sê dat die gelowige ingaan in die heiligdom **deur** die ….

> "bloed van JaHUsha, op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, **dit is sy vlees** .."

Ons sien dat Sy vlees "geskeur" is vir ons, net soos wat die gordyn vir ons geskeur is.  Dat die gordyn van bo na onder geskeur is, is 'n skriftuurlike feit en dit opsigself spreek van bonatuurlike ingrype.

Die Tabernakel en alles wat daarmee gepaard gaan, is skaduwees van toekomstige dinge en alles wys heen na JaHUsha as MelekTzadek.  Hy was die gordyn van die Allerheiligste, en deur Sy dood het die getroue gelowiges nou vrye toegang tot Elohiem.  Hy het die sonde van die mensdom wat skeiding maak, op Hom geneem.

Die gordyn in die tempel was 'n konstante herinnering dat sonde die mensdom ongeskik gemaak het om in die teenwoordigheid van Elohiem te kom.  Die feit dat die jaarlikse sondoffer voortdurend moes plaasvind, sowel as die daaglikse offers, het aangedui dat die sonde nie heeltemal kon versoen word met die offers van diere nie.

> Lev. 16:2  "en JaHUaH het aan Moses gesê:  spreek met jou broer Aäron dat hy **nie te eniger tyd** moet ingaan in die heiligdom nie, binnekant die voorhangsel, voor die versoendeksel wat op die ark is, sodat hy nie sterwe nie;  want Ek verskyn in die wolk op die versoendeksel."

JaHUsha het, deur Sy offerdood, daardie versperring tussen Elohiem en die mens **verwyder**, en nou mag ons Hom ENIGE TYD nader "met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid .."

> Heb. 4:16 "Laat ons dan **<u>met vrymoedigheid</u>** na **die troon van die genade gaan**, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."

**Dis waarmee die Mure van Jerigo vergelyk. Dit is nie met mensehande afgebreek nie, maar was 'n bonatuurlike daad, net soos wat die gordyn van bo af geskeur is, so is die Skeidsmuur van Sonde afgebreek wat tussen ons en ons Hemelse woning was waar JaHUaH woon!**

> Jos 6:20 Toe skreeu die volk, en hulle het op die horings geblaas; en toe die volk die geluid van die horing hoor, het die volk 'n groot krygsgeskreeu aangehef; en **die muur het op sy plek ingeval**, en **die volk het in die stad geklim**, elkeen reg voor hom uit, en hulle het die stad ingeneem.

HalleluJaH!

0-0-0-0-0

Junie 2018
AndriYaH